kruiskerk.co.za

info@kruiskerk.co.za

wynandnel@iafrica.com

Toetrede

Liturgie van die Lig

Aansteek van die kerse

Lied 358

Welkom, o stille nag van vrede,
onder die suiderkruis,
wyl stemme uit die ou verlede
oor sterrehemel ruis.

Refrein
Kersfees kom, Kersfees kom –
gee aan God die eer.
Skenk ons 'n helder Somerkersfees
in hierdie land, o Heer.

Hoor jy hoe sag die klokke beier
In eeue-oue taal.
Kyk, selfs die nagtelike swye
vertel die ou verhaal.

Voel jy ook nou sy warm liefde
As ons die dag gedenk,
Toe Hy sy Seun aan ons gegee het –
Ons grootste kersgeskenk.
Christus kom, Christus kom –
gee aan God die eer.
Skenk ons 'n helder Somerkersfees
in hierdie land, o Heer.

Woorddiens

Tema: Om weer jou stem te vind

Skriflesing: Lukas 1:67-80

"The deeper our faith, the more doubt we must endure; the deeper our hope, the more prone we are to despair; the deeper our love, the more pain its loss will bring: these are a few of the paradoxes we must hold as human beings. If we refuse to hold them in the hopes of living without doubt, despair, and pain, we also find ourselves living without faith, hope, and love."
— Parker J. Palmer

Broodjies vir die pad

"If you spend enough time reading or writing, you find a voice, but you also find certain tastes. You find certain writers who when they write, it makes your own brain voice like a tuning fork, and you just resonate with them. And when that happens, reading those writers—not all of whom are modern . . . I mean, if you are willing to make allowances for the way English has changed, you can go way, way back with this— becomes a source of unbelievable joy. It's like eating candy for the soul. So probably the smart thing to say is that lucky people develop a relationship with a certain kind of art that becomes spiritual, almost religious, and doesn't mean, you know, church stuff, but it means you're just never the same."
— David Foster Wallace, Quack This Way

"Wholeness does not mean perfection; it means embracing brokenness as an integral part of life"
— Parker J. Palmer, A Hidden Wholeness: The Journey Toward an Undivided Life

Korrupsie soek lekkerlê langs dié sewe sondes

Wilhelm Jordaan

Die jongste sarsie getuienis oor die anatomie van staatskaping laat 'n mens tegelyk lag en huil.

Hoe is dit moontlik dat ons republiek, wat soveel belofte ingehou het, op die rand van 'n afgrond beland het – 'n piesangrepubliek as jy wil? Grimlaggend verdien dit 'n limeriek:

Voor regters Nugent en Zondo
ontplooi 'n korrupte ubuntu
op 'n skinkbord te geniet
deur comrades in die republiek
van piesangs in die boendoe

Wat 'n mens hoor en lees, laat jou moedeloos uitroep: Homo corruptus! – die monstermens wat volgens die oorspronklike Latynse woord "breek en vernietig". En wat vernietig word, is gewone mense se hoop op 'n beter lewe.

Apartheid was en is 'n misdaad teen die mensdom. So ook korrupsie, 'n agtste doodsonde om by die erkende sewe te voeg: hebsug, hoogmoed, afguns, woede, luiheid, vraatsug en wellus.

Korrupsie kom egter nooit alleen nie. Dit soek lekkerlê sy aan sy met die sewe sondes. Kyk maar hoe voed hulle mekaar oor en weer in ons kontrei: Korrupsie word aangedryf deur hebsug – die begeerte na méér en nog méér. Die identiteitspreuk: Ek dink, daarom is ek, heet nou: Ek hét, daarom is ek.

Voeg hierby hoogmoed en die sondes teel aan: Dít wat ék besit, plaas my hiërargies hoër as ander. Kyk hoe blink ek, my pak klere, my ringe en my motor!

Dít laat die smeulende kooltjies van korrupsie opvlam tot 'n verterende vuur by diegene wat afguns vertroetel: Ons het (nog) nie wat hulle het nie! Vryf dan die hande en kyk grootoog rond na nóg dinge wat, blatant of skelm, gevat kan word.

Saam wek hoogmoed en afguns ook woede – by dié wat nie vinnig genoeg kan inoes nie én by dié wat 'n bietjie verder van die krip af staan en aangewese is op beloftes van miskien later . . .

Daarmee glip luiheid soos 'n dief in die nag by die agterdeur in. Daar is mos makliker maniere om glansryk te leef.

Wie kan werklik lekker leef volgens ’n werk-etiek wat praat van harde werk, geduld, spaarsaamheid, selfdissipline, vaardigheids-verwerwing, kennisverbetering en dienslewering aan ander?

Só gaan dit jollie-patrollie voort. En daarmee stap vraatsug en wellus hand om die lyf by die voordeur in.

Jan Rabie se makabere verhaal “Drie kaalkoppe eet tesame” word herskryf tot *“Drie diknekke eet tesame”*:

“(Hulle) swaai op en af in die woeste vaart van hul eet. En terwyl hulle al vinniger eet, kwylend van ongeduld, gebeur ’n vreemde ding: Sodra ’n nuwe bord voor hulle neergesit word, neem die inhoud daarvan menslike vorms aan . . . Die omstanders hyg van walging, maar die drie diknekke gewaar niks daarvan nie . . .”

Word dié patroon nie gebreek nie, hang die laaste vesels van ons samelewing se etiese weefsel aan ’n draadjie.

https://www.netwerk24.com/Stemme/Menings/korrupsie-soek-lekkerle-langs-die-sewe-sondes-20181113

“If I knew that today would be the last time I’d see you, I would hug you tight and pray the Lord be the keeper of your soul. If I knew that this would be the last time you pass through this door, I’d embrace you, kiss you, and call you back for one more. If I knew that this would be the last time I would hear your voice, I’d take hold of each word to be able to hear it over and over again. If I knew this is the last time I see you, I’d tell you I love you, and would not just assume foolishly you know it already.”
— Gabriel García Márquez

“God grant me the serenity
to accept the things I cannot change;
courage to change the things I can;
and wisdom to know the difference.
Living one day at a time;
Enjoying one moment at a time;
Accepting hardships as the pathway to peace;
Taking, as He did, this sinful world
as it is, not as I would have it;
Trusting that He will make all things right
if I surrender to His Will;
That I may be reasonably happy in this life
and supremely happy with Him
Forever in the next.
Amen. ”
— Reinhold Niebuhr

“It took me a long time to understand that although everyone needs to be loved, I cannot be the source of that gift to everyone who asks me for it. There are some relationships which I am capable of love and others in which I am not. To pretend otherwise, to put out promissory notes I am unable to honor, is to damage my own integrity and that of the person in need - all in the name of love.”
— Parker J. Palmer, Let Your Life Speak: Listening for the Voice of Vocation

“Raise your words, not voice. It is rain that grows flowers, not thunder.”
— Rumi

Brood vir die pad

Ten spyte van die ontnugtering kan ons Advent vier

RRV

Op die eerste Sondag van Advent in 1943 skryf die Duitse teoloog Dietrich Bonhoeffer vanuit ’n gevangenis in Berlyn ’n brief aan sy ouers waarin hy verwys na die skilder Albrecht Altdorfer se *Heilige nag* (1511).

Dié kunswerk verbeeld Maria, Josef en die baba Jesus in ’n vervalle gebou sonder veel skuilplek. Jesus word dus hiervolgens, heel betekenisvol, in ’n ruïne tussen puin gebore.

Bonhoeffer – in die tronk as gevolg van sy weerstand teen Hitler – beskou hierdie uitbeelding as gepas gegewe hul eie omstandighede weens die oorlog. Rondom hulle val immers bomme wat vernietiging bring. In dieselfde brief vertel hy hoe ’n bom hul tronk beskadig het, en tot vrees en ontwrigting aanleiding gegee het. Dit is vir Bonhoeffer asof die kuns-tenaar met die skildery wil sê dat ook te midde van verval en kwesbaarheid Advent en Kersfees kan en moet gevier word.

Bonhoeffer se ervarings in die gevangenis gee hom dus ’n spesifieke uitkyk op Advent, die tyd in die kerklike jaar wat tot Kersfees strek en waar-tydens die fokus op die wag op die koms van Christus val.

Vir Bonhoeffer staan Advent as ’n tyd van wag allermins op ’n sentimentele wyse los van die daaglikse belewenis van die harde werklikheid.

’n Week tevore merk hy in ’n brief aan sy vriend Eberhard Bethge op: “ ’n Tronksel is ’n goeie me-tafoor vir Advent: ’n Mens wag, hoop, doen ditjies en datjies, maar die tronkdeur bly gesluit. Dit kan alleenlik van die buitekant oopgemaak word.”

Op 1 Desember 1943 skryf Bonhoeffer ’n brief aan sy jong verloofde, Maria von Wedemeyer. Daarin bedank hy haar vir die Adventskrans wat sy vir hom gestuur het, en spreek hy sy teleurstelling uit dat hy nie vir haar ’n Kersgeskenk kan koop nie.

Maar, skryf Bonhoeffer, hoe leër ons hande is, hoe beter verstaan ons wat Luther bedoel het met sy sterfbedwoorde: “Ons is bedelaars, dit is waar.”

In hierdie briewe aan sy ouers, vriend en verloofde in 1943 verwoord Bonhoeffer iets van hoe die betekenis van Advent saamhang met ruïnes, verlange, ontnugtering en gestroop wees.

Dit is daarom dikwels juis in moeilike omstandighede – midde-in ervarings van eensaamheid, moegheid, wanhoop en donkerte – dat ons leer wat dit beteken om op God te wag. En dat ons dalk besef, om by Bonhoeffer se woorde aan te sluit, dat die deur na vryheid en lewe slegs van die buitekant af oopgemaak kan word.

https://www.netwerk24.com/Stemme/Sielsgoed/ten-spyte-van-die-ontnugtering-kan-ons-advent-vier-20181130

Lied 526

Waar daar liefde is, en deernis,
waar daar liefde is, daar is God die Heer.
Ubi caritas, et amor
ubi caritas, Deus ibi est.

wynandnel@iafrica.com 082 901 5877